

STAAN DIT RÉGTIG IN DIE BYBEL?

Ken jy die naam van jou beskermengel?

Inleiding: Elke nou en dan verskyn artikels in die tydskrifte en koerante waar mense sê dat hulle belewenisse van engele gehad het. In SA het ’n man glo ’n engel gesien voor die 1994 verkiesing en gesê dat ons nie bekommerd moet wees nie, maar dat alles goed sal afloop. Baie fiksie en flieks en liedjies word oor engele geskryf en gemaak.

Ongelukkig is dit nie baie goeie uitbeeldings van wat engele is en wat hulle doen nie. Baie mense dink dit is wesens wat met harpe speel en rondvlieg met groot vlerke. Volgens die skilderye van Rapheal, sulke plomp kinder figuurtjies met vlerkies.

Maar wat sê die Bybel daaroor?
258 keer word daar in die Bybel gepraat van engele. 63 keer in die OT en 195 keer in die NT. In Openbaring alleen 52 keer.

Hoe lyk engele volgens die Bybel? Hulle word geken as mense van vlees en bloed (Gen. 18:2 en Dan 8:15), of as bonatuurlike wesens soos God self (Gen 48:16), as vuurvlamme (Rigters 13:20) of winde (Ps 104:4). Van figure met vlerke, wat op harpe speel, is daar geen sprake in die Bybel nie.

Daar word wel op plekke van gerubs (Eseg 1:16) en Serafs (Jes 6:2) met vlerke gepraat, maar gerubs en serafs is iets anders as engele. Die Bybel is dus nie baie gepla oor hoe die engele gelyk het nie, maar is meer gepla oor wat engele doen.

Waar kom engele vandaan? Engele is deur God geskape (Ps 148:2 en 5). Wanneer weet niemand nie. Hulle is ook geslagsloos.

Maak die Here nog engele? Ons weet nie, maar as Hy wil, kan en mag Hy mos.

Is daar 'n rangorde van engele? Dit lyk tog vir ons so.
Hoeveel engele is daar? Die Bybel sê miljoene der miljoene.
Is satan 'n gevalle engel? Nee. Vier tekste word misbruik om te sê hy is nl. Openbaring 12, Jes 14:10-12, Esegiël 28:6-17 en Lukas 10:18. Die leerstelling kom van die Joodse apokriewe boeke Henog en die Jubilaioi.

Die Bybel is nie geïnteresseerd in hoe engele gelyk het nie, maar eerder oor wat engele gedoen het (vgl. Hebreërs 1:1-14).

Wat doen engele?

- Hulle is God se dienswerkspanne (vgl. Lukas 5:13 en 15:7).
- Hulle is God se boodskappers. Die Hebreeuse woord "mal'ak" en die Griekse woord "angelos" beteken al twee letterlik "iemand wat gestuur" word.
- Die engele is verder ook God se weermag (vgl. 2 Konings 19:35; Openbaring 12).
- Hulle is ook betrokke by ons alledaagse lewens (vgl. Heb 1:14; Gen 24:7 en 40; Hand 8:26).

Belangrik: Regdeur die Bybel word die engele geteken as randfigure. Nêrens ontvang hulle soveel klem dat hulle God se plek kan vat nie. Die God van die Bybel is anders as enige ander god wat aanbid word. Ons leer die God ken as 'n God wat nie so verhewe bo sy kinders is dat Hy nie met hulle bemoeienis maak nie. Hy is die God wat by ons kleinste takies en ons alledaagse lewe betrokke is (vgl. Eksodus 33).

Het ons elkeen 'n beskermengel?
Daar is 'n magdom tekste waar die Here sy engele die opdrag gee om sy kinders te beskerm, maar ons het nie elkeen sy eie engel nie.
Word ons engeltjies as ons dood gaan?
Nee – ons word nie engeltjies nie, of spoke nie, of gekwelde geeste nie.
Moet ons kontak met engele probeer maak?
Nee. Die Bybel is reguit dat ons vir God moet aanbid.

Kry ons dus nog vandag ook engele? Ek glo so. Die Bybel dui nêrens aan dat hulle opgehou bestaan het nie of nie meer betrokke is nie.

Engele hoef ons nie te beskerm nie, God doen dit sommer self. Is dit nie wonderlik nie? God het ons nie maar net in die hande van sy engele oorgelaat nie. Hy is uniek.

In 1 Kor. 13:1 lees ons: "Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword".

Gaan wees met jou liefde vir ander 'n "engel".

Kleingroep vrae

1. Laat elke lid net sy of haar gevoelens deel oor die onderwerp van engele.
2. Laat elkeen deel wat vir hulle uitgestaan het van die preek oor die onderwerp.
3. Wat beskou jy as 'n uitdaging, en wat as troos wat uit die onderwerp na vore gekom het?
4. Hoe help die teks ons in ons elke dag se leef as kinders van die Here?